

STELLENBERG BYBELSKOOL

Momente wat Paulus se lewe gevorm het

Sessie 2 | Paulus se bekering



Saulus vervolg gelowiges

Paulus (voor sy bekering bekend as Saulus) se passie vir die Here het nie eers met sy bekering begin nie. As Fariseër het hy homself met ywer aan die God wat in die Ou Testament (*Torah*) beskryf was toegewy en was selfs na sy bekering trots op sy Joodse erfenis (Rom.11:1, 2 Kor.11:22). Paulus se bekering het egter 'n radikale ommeswaai gebring in sy perspektief op God en die lewe waartoe die Here hom roep. Ons gaan vandag dieper na hierdie moment in sy lewe kyk.

Tydens Jesus se bediening het hy dikwels met die Fariseërs, wat hulself as hoogs godsdienstig beskou het, gebots gewoonlik oor die volgende kwessies:

- Hoe lyk 'n lewe van toewyding aan God? Die Fariseërs het baie streng volgens voorgeskrewe wette en beginsels wat in die Ou Testament opgeteken was, geleef (Matteus 5:17-20). Jesus se liberale verstaan en toepassing van die Wet (*Torah*) was vir hulle godslasterlik.
- Hoe raak jy van skuld en sonde ontslae? Die Fariseërs se antwoord was deur 'n streng wetsgehoorsame lewe waarin jy deur tempeldiens vrypraak verwerf. Jesus beskuldig die Fariseërs dat hulle, ten spyte van hulle streng toepassing van die wet, nie vanuit God se genade en liefde dien nie (Johannes 8).

Dit wil voorkom asof Saulus, binne die Fariseërs aan 'n fanatiese groep behoort het wat selfs met geweld hulself godsdienstig geregverdig het. Lees die volgende gedeeltes wat juis hieroor gaan.

Handelinge 9:1-2

Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring.

Galasiërs 1:13-14

Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog 'n aanhanger van die Joodse leer was. Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroeï. En in die Joodse leer het ek onder my volksgenote baie van my leeftyd uitgestyg, want ek was 'n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders.

Filippense 3:5-6

ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.

Dit is dus nie moeilik om op grond van hierdie tekste 'n prentjie van Saulus se lewe te skets nie. Waarom het Saulus in sy godsdienstige oortuiging dan spesifiek die vroeë gelowiges met soveel ywer vervolg? Die volgende twee sake is van belang:

1. As Fariseër wou Saulus die koms van die Joodse Messias aanwakker wat dan 'n beloofde goue era vir die Jode sou laat deurbreek. Die Fariseërs was ook polities ingestel en het hierdie era aan 'n Joodse staat/ryk gekoppel.
2. In die verwesening van hierdie ideaal was die behoud van die tempel onmisbaar. Die groep Joodse gelowiges wat in Jesus glo het die voortbestaan van die tempel en die gevolglike nuwe koninkryk bedreig.

'n Mens moet in gedagte hou dat Saulus se vervolging op 'n baie spesifiek groep gelowiges wat in Jesus geglo het gerig was. Daar kan tussen die volgende groepe onderskeid getref word:

1. **Hebreeus sprekende Jode** wat in Israel woonagtig was en waaronder die groep dissipels getel het (Johannes, Petrus en Jakobus bekend as die pilare, het sterk leiding geneem). Die groep se intensie was nie om 'n nuwe godsdiens te begin nie, maar om as getroue Jode wat Jesus as Messias bely, steeds binne die tempel te aanbid. Jakobus het nog lank as priester in die Jerusalem-tempel diens gedoen. Ons lees dat hierdie groep aanvanklik ook hardhandig behandel is maar dat hulle te midde van 'n klomp ander Joodse sektes toegelaat is om binne die tempel te aanbid. Hierdie groep het waarskynlik uit 'n mengsel van twee faksies bestaan.

- Hebreeus sprekende Joodse gelowiges wat in Jesus glo en waarvan die apostels deel was en wat nog binne parameters van die Joodse godsdienstige tradisies opereer. Hulle was oop vir die gedagte dat 'n gemeente soos in Antiogië, ook heidene tot hulle geledere kan toe laat.

- 'n Meer behoudende groep Joodse gelowiges wat in Jesus glo, maar die nakoming van die Wet van Moses streng volg en daarop aandring dat heidene hulle tot die Jodedom bekeer en die wette en gebruike nakom. Julle sal agterkom hoe hierdie groep telkens in Paulus se briewe en Handelingte op die toneel verskyn en hoe dit konflik laat opvlam (Handelingte 15:1 en Galasiërs 2:12). Paulus se opponente wat onder andere in Galasiërs 1:6-8 beskryf word, verteenwoordig dus faksies van gelowiges wie se teologie na hierdie kant toe hel.

- Let wel dat Saulus se eie leermeester, Gamaliël 'n baie meer gematigde en akkommoderende houding ingeneem het. Lees daarvan in Handelingte 5:34-41.

2. **Griekssprekende Jode** (diaspora Jode) wat van buite Israel na Jerusalem gekom het en waarvan Stefanus deel was. In Stefanus se toespraak in Handelingte 7 blyk dit duidelik dat hulle, anders as die Hebreeus sprekende gelowiges, hulle los van die tempel en die Joodse wet begin sien. Hulle het deur die leiding van die Heilige Gees diep onder die indruk gekom dat Jesus

se sterwe en opstanding nie net vir Jode bedoel is nie, maar ook vir die groter gemeenskap buite die Joodse gemeenskap. Hierdie siening het mense soos Saulus se hare laat rys omdat dit die voortbestaan van die tempel en die Joodse koninkryk bedreig het.

3. **Heiden gelowiges** (nie-Jode wat in Jesus geglo het). Die eerste gelowiges was almal van Joodse afkoms. Met verloop van tyd het mense buite die Jodedom tot geloof in Jesus gekom (daar word na hulle as heidene verwys). Met verloop van tyd het hierdie groep, wat aanvanklik in die minderheid was, die oorgrote meerderheid geword en die naam “Christen” is aan hulle toegesê (Handelinge 11).

As fanatieke Fariseër was Saulus onder die indruk dat God sy getrouheid sal beloon. Met sy bekering was hy ontnugter om te beseef dat sy optrede juis nie in diens van God gestaan het nie.

Die eerste verwysing in die Bybel na Saulus vind ons in Handelinge 7:54-60 toe Stefanus gestenig is en 'n groep Griekssprekende gelowiges uit Jerusalem gevlug het. Omdat Saulus bang was dat hierdie vlugteling Joodse gelowiges in Damaskus kon beïnvloed het hy die hoë priester vir toestemming gevra om hulle agterna te sit en gevange te neem (Handelinge 8:3 – dit is onwaarskynlik dat selfs die hoëpriester hierdie versoek sou toestaan).

Op die pad na Damaskus ontmoet Jesus vir Saulus en sy lewe word radikaal verander. Die bykans onmoontlike gebeur – hy word 'n voorstander en leier van die einste beweging wat hy vervolg! Sou jy nie dalk ook soos die meeste gelowiges daardie tyd skrikkerig gewees het om Paulus in jou midde te verwelkom nie?

Saulus se bekering en sy nuwe roeping

Saulus se bekering was dié onderskeidende oomblik van sy lewe. Kom ons kyk na die inhoud daarvan wat in twee afsonderlike weergawes beskryf word:

- Lees Handeling 9:1-25 (Lukas se weergawe)
- Lees Galasiërs 1:11-21 (Paulus se eie weergawe).

Let julle die verskille op? Volgens Lukas in Handeling 9 het Saulus 'n visioen gehad, waarin hy Jesus se stem hoor, maar Hom nie gesien het nie. In Paulus se eie weergawe beskryf hy dit egter as 'n fisiese ontmoeting soortgelyk aan toe Jesus aan die dissipels verskyn het (1 Kor.9:1 en 15:3-8). Dit was vir Paulus geweldig belangrik om hierop klem te lê, aangesien die vereistes vir apostelskap 'n persoonlike ontmoeting was. Volgens Lukas is Paulus direk na die gebeure Jerusalem toe, terwyl Paulus self pertinent vertel dat hy nie Jerusalem toe is nie, maar vir 'n periode van drie jaar eers in Arabië vertoef het.

Paulus se bekering was nie soseer 'n wegdraai van die Joodse godsdiens en sy Joodse erfenis nie, eerder die uitleef van 'n nuwe roeping. Karen Armstrong verwoord dit goed in die volgende aanhaling:

“When Paul saw the ritually defiled body of Jesus at God’s right hand he understood exactly why he had received his mission. He had chosen to live in the Holy Land because the gentile world was unclean. Jews tended to regard the non-Jewish nations as impure and morally inferior. But in raising Jesus, God has shown that he did not judge by these earthly standards and that he stood by people who were despised and denigrated by the rules and laws of this world”.

Na Paulus se bekering rondom 32/33 n.C. volg 'n periode van ongeveer 15 jaar waarvan ons baie min weet. 'n Mens kan aanneem dat Paulus die tyd in Arabië gebruik het om hom geestelik en prakties te oriënteer. Dit is ook hier, waar hy in kontak was met Arabiese nomadiese handelaars en hy waarskynlik die ambag as tentmaker bemeester het. Dit was vir Paulus belangrik gewees om selfonderhoudend te leef. Volgens 1 Tes. 2:9 het hy lang ure gewerk.

“Julle onthou immers nog, broers, hoe ons geswoeg en gesweet het. Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle ’n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie.”

In die volgende sessie kyk ons na die gebeure in Antiogië wat aanleiding gegee het tot Paulus se sendingreise.